

# OPSOMMING IN AFRIKAANS VAN DIE WERKWOORDE IN NEDERLANDS SE VERVOEGING

Uit: Online cursus: *Nederlands leren spreken*



- HOU DIE WERKWOORDLYS (WERKWOORDKOLOMME BYDERHAND; 3 KOLOMME).
- BESTUDEER DIE OPSOMMING SAAM 'n VOLLEDIGE WERKWOORDVERDUIDELIKING (APART GELAAI OP DIE PLATFORM)
- DAAR IS OOK 'n VIDEO (in Ndl.) OOR ELKEEN VAN DIE WERKWOORDTYE OP DIE PLATFORM (KU Leuven, Prof. L d Wachter - medewerker)

'n Vergelykende benadering Afrikaans – Nederlands geld hier!

Fokus net eers op die Presens!

## PRESENS (Teenwoordige tyd in Afrikaans)

Stam = kap die -n/ -en af van die infinitief (werken – werk/ lopen – loop, zingen – zing, ens.) en dan bly die stam (basis) oor.

Vervoeg die stam (basis) soos volg in die teenwoordige tyd:

Enkelvoud:

1ste persoon: *ik + 0 = ik werk*

2de persoon: *je/jij + t = je werkt*

3de persoon: *hij/ zij/ het/ Dawid + t = werkt*

Meervoud:

1ste persoon: *wij/we + en = werken*

2de persoon: *jullie + en = werken*

3de persoon: *ze/zij + en = werken*

## PRESENS: HET en IS in Afrikaans = in Ndl: *hebben/ zijn*

Enkelvoud:

*Ik heb een kat./ Ik ben een docent.*

*Jij/je hebt/ bent...*

*Hij/ Zij (ze) /Tom/ heeft/ is...\**

Meervoud:

*Wij/we hebben een kat/ Wij zijn docenten in Leiden*

*Jullie hebben/ zijn ...*

*Zij/ze hebben/ zijn ... maar*

Inversievraag: **Heb** Tom een kat thuis?

Presens met subjek/ onderwerp vooraan: Tom **heeft** een kat thuis.\*

## LATER!

**VERLEDE TYD: 3 opsies in Ndl. (het ge-... in Afrikaans: ek het geslaap, jy het gedink, ons het geleer...)**

### 1. Imperfectum

A) **Sterk Imperfectum**: (tweede kolom in werkwoordlys, bv. **dronk, ging, at, liep** van die infinitief (basiswerkwoord soos in die woordeboek): drinken, gaan, eten, lopen.

Sterk Imperfectum stam ondergaan in enkelvoud en meervoud vokaalverandering, d. w. s. die a,e,i,o,u verander: eten word **at** en lopen word **liep** en gaan word **ging**, ens.

Enkelvoud vokaalverandering + 0 (kolom 2 van die werkwoordlys of in 'n woordeboek word dit ook aangedui as (**imp.**))

AFRIKAANS: EK HET GESWEM/ EK HET GELOOP.

Ik zwom/ liep

Jij/Je zwom/liep

Hij/ zij (ze) zwom/liep

Meervoud vokaalverandering (kolom 2) + **en**:

AFRIKAANS: ONS HET GESWEM/ ONS HET GELOOP.

Wij/we zwommen/ liepen

Jullie zwommen/ liepen

(HULLE in Afr.) Zij/ze zwommen/ liepen

### B) Swak Imperfectum

Gebruik die stam as basis.

Vertellen – vertel

Werken – werk

Horen – hoor

Enkelvoud deurgaans stam + te of de.

Meervoud deurgaans stam + ten of den.

Volledige grammatikaverduideliking: as die stam eindig op 'n stemlose konsonant (geen trilling, bv. k, p,) eindig, dan **te/ ten** aan stam voeg, bv. werkte en werkten (meervoud) en as die stam eindig op 'n stemhebbende konsonant (wel trilling, bv. -r, l) dan **de /den** aan stam voeg, bv. hoorde en hoorden (meervoud).

Voorbeeld:

Enkelvoud: swak Imperfectum

Ik vertelde

Je/jij vertelde

Hij/ zij (ze) vertelde

Meervoud: swak Imperfectum

Wij/we vertelden

Jullie vertelden

Ze/ Zij vertelden

## 2. Perfectum

**Dit word algemeen gebruik om die verlede tyd te vorm; lyk soos Afrikaanse vorm.**

Daar is meer hebben-werkwoorde as zijn-werkwoorde; 3 gevalle om altyd zijn te gebruik in die perfectum en plusquamperfectum

Perfectum word dikwels in kombinasie met Presens\* gebruik.

Die reël wanneer om hebben en zijn (as hulpwerkwoord) te gebruik is in die volledige gids en video.

Ik **heb** een ei **gegeten** en nu drink\* ik melk.

Ik **ben** naar Amsterdam **gevlogen** en nu drink\* ik bier.

Vervoeging: vervoeg hebben of zijn + **onveranderd** die derde kolom in werkwoordlys of aangedui in 'n woordenboek = (voltooide deelwoord) bv. gegeten, geslapen, gelezen.

Wanneer hebben en wanneer zijn?

Daar is 3 reëls/ gevalle vir die gebruik van **zijn**, maar meestal gebruik ons **hebben** (as hulpwerkwoord vir die Perfectum).

Voorbeelde:

Enkelvoud:

Ik heb een boek gekocht.

OF Ik ben gevallen van de trap.

Je/jij hebt ... gekocht.

bent gevallen...

Hij/zij (ze) heeft ... gekocht.

is gevallen...

Meervoud:

Wij/we hebben een boek gekocht.

OF Wij zijn gevallen van de trap.

Jullie hebben ... gekocht.

zijn gevallen ...

Ze/Zij hebben ... gekocht.

zijn gevallen ...

## 3. Plusquamperfectum

(Word gewoonlik in kombinasie saam die Imperfectum gebruik. Die aksie wat eerste (lank terug) plaasgevind het, staan in die **Plusquamperfectum** en die tweede aksie in die Imperfectum\*\*) bv.

Ik **had** een ei **gegeten** en toen dronk\*\* ik melk.

Ik **was** naar Amsterdam **gevlogen** en toen at\*\* ik fritjes.

Vervoeging: vervoeg **hadden** (as verlede tyd van hebben) of **waren** (as verlede tyd van zijn) ± **onveranderd** derde kolom in werkwoordlys/ voltooide deelwoord in 'n woordenboek, bv. gegeten, geslapen, gelezen.

Wanneer hadden en wanneer waren?

Daar is 3 reëls/ gevalle vir die gebruik van **hadden** en **waren**, maar meestal gebruik ons **hadden** in die plusquamperfectum.

(Daar is meer werkwoorde wat \*hadden neem as waren).

Voorbeelde:

Enkelvoud:

Ik *had* een boek *gekocht*.

Je/Jij *had* ...*gekocht*

Hij/Zij (ze) *had*... *gekocht*

OF Ik *was* van de trap gevallen.

was... *gevallen*

*was* ... *gevallen*

Meervoud:

Wij/we *hadden* een boek *gekocht*.

Jullie *hadden* ...*gekocht*

Zij/Ze *hadden* ...*gekocht*

OF *waren* van de trap gevallen.

*waren* ...*gevallen*

*waren* ...*gevallen*

---

### FUTURUM – toekomstige tyd

Lees in 'n volledige grammatikagids (video op die platform) ook oor duratief.

Toekomstige tyd werk soos in Afrikaans met die *presens* en dan *bywoorde* wat *tyd* (volgende week, twee dae later, ens.) en werkwoorde soos *gaan* en *sal* wat op die toekoms dui.

Voorbeelde:

Enkelvoud:

Ik *zal* naar de luchthaven **gaan**.

Hij *moet* Nederlands **leren** voor zijn werk.

(Die tweede werkwoord na die modale werkwoorde: *sal*, *kan*, *mag*, *wil*, *moet* ens. neem altyd die \*\*\***infinitief** (en eindig dus op -n/en meestal)

Meervoud:

Wij/we *zullen* naar de luchthaven **gaan** \*\*\*.

Ik *wil* morgen thuis **werken** \*\*\*.

Zij/ze *moeten* het boek **lezen**\*\*\*.

### WERKWOORDOPSOMMING IN AFRIKAANS

(Pas bogenoemde voorbeeld aan in oorleg met jou eie leerkurwe en jou fasiliteerder/ dosent.

- HOU DIE WERKWOORDKOLOMME (LYS) BYDERHAND (3 KOLOMME)
- BESTUDEER DIE OPSOMMING NADAT JY 'n VOLLEDIGE WERKWOORDVERDUIDELIKING GERAADPLEEG HET.
- DAAR IS OOK 'n VIDEO (in Ndl.) OOR ELKEEN VAN DIE WERKWOORDTYE OP DIE PLATFORM.

©

Uit die aanlyn kursus, *Nederlands leren spreken*.

Angelique van Niekerk

[vnika@ufs.ac.za](mailto:vnika@ufs.ac.za)

[Angelique.ccreate@gmail.com](mailto:Angelique.ccreate@gmail.com)

12 April 2024

©

